

19

EK SÊ JA

Belydenis van geloof

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet begryp dat openbare belydenis van geloof 'n verantwoordelikheid op hulle gaan plaas.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- waarom hulle openbare belydenis van geloof aflê; en
- dat openbare belydenis van geloof 'n verantwoordelikheid op hulle plaas.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om verantwoordelik as kinders van God te lewe.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- 'n gesprek met iemand te voer oor waarom hulle eendag belydenis van geloof in die openbaar wil aflê.

MEER INLIGTING (Romeine 10: 9 en 10; Deuteronomium 30: 11-20)

Waarom katekiseer ons? Ons katekiseer om ons verhouding met die Here net sterker en sterker te maak en uiteindelik te bely dat ons in Hom glo. Die Here het van sy kant af en doen steeds van sy kant af alles volmaak wat ons nodig het om versorg, gered en getroos te wees vir ewig en ewig. Toe ons die dag gedoop is, het ons ouers in die openbaar kom bewys dat hulle dit glo en dat ons ook die Here se kinders is. By daardie geleentheid het hulle belowe om ons te katekiseer en te laat katekiseer. Om dit vir ons ouers maklik te maak om hulle gelofte na te kom, moet ons so pligsgetrou moontlik wees wanneer ons katekiseer. ('n Belofte maak ons aan mense en 'n gelofte aan God.) Die een of ander tyd moet ons ouers losgemaak word van hierdie gelofte. Dit gebeur wanneer ons openbare belydenis van ons geloof gaan doen.

Wat kan ons oor vier jaar te wagte wees? Kort en kragtig: Ons gaan self die gelofte aan die Here voortsit.

- Jy gaan bely dat jy in die drie-enige God glo. Jy gaan in Hom glo omdat jy by die kerkisasie geleer het dat Hy vir jou sorg, beter as wat die beste pa dit kan doen, dat Hy jou volkome verlos het toe Jesus vir ons gely en gesterf het, en dat die Heilige Gees ons laat deel in alles wat Jesus vir ons gedoen het. Die geloof in die drie-enige God is die enigste manier hoe ek in hierdie lewe en na die dood gelukkig en getroos kan wees.
- Jy gaan belowe om by daardie belydenis te bly en jou voortdurend tot die Here te bekeer. Dit beteken dat jy nie in ander gode en afgode sal glo nie en dat jy elke oomblik en elke dag na die Here sal draai en hoor hoe Hy wil hê jy moet lewe.
- Jy gaan belowe om die Kerk te laat groei. Dit beteken dat jy in jou gemeente betrokke sal wees, vir ander mense wat nie die Here ken nie, van Hom sal vertel, sodat hulle ook glo en die Here se kerk sodoende groter word.
- Jy gaan jou onderwerp aan die Kerk se opsig en tug. Jy nooi almal in die gemeente uit om jou te help om op die Here se pad te bly, jou te waarsku as jy verkeerd doen, en jou weer terug te lei na die Here. As jy aanhou verkeerd lewe, gee jy die gemeente die reg om jou te straf.

Jy bely dat jy in God glo: *Daarvoor moet jy elke dag die Bybel gebruik.* Jy belowe om –

- aan te hou glo en jou te bekeer: *Daarvoor moet jy elke dag die Bybel gebruik.*
- die Kerk te laat groei: *Daarvoor moet jy elke dag die Bybel gebruik.*
- jou aan opsig en tug te onderwerp: *Daarvoor moet jy elke dag die Bybel gebruik.*

Die grootste verantwoordelikheid wat ons het, is dus om getrou met die Here se Woord besig te bly. Dit is hierdie Woord wat ons ouers en hulle ouers en hulle ouers laat glo het. Dit is dieselfde Woord wat ons nou gebruik om ons te laat glo. Dit gaan dieselfde Woord wees wat ons gaan laat aanhou glo. Oral waar die Here se Woord, die Bybel, gebruik word om mense te laat glo, daar moet ons betrokke raak.

Ons moet gereeld –

- stiltetyd of huisgodsdienst hou;
- Bybelstudie doen (voortgesette kategeese);
- eredienste bywoon; en
- Nagmaal kom vier.

Wanneer ons klaar openbare belydenis van geloof gedoen het, hou ons nog steeds elke Sondag aan om ons geloof te bely. As die ouderling die geloofsbelydenis voorlees, bevestig ons saam met hom dat ons nog steeds glo. Ons moet ernstig en eerlik in ons gedagtes alles wat in die belydenis gesê word, as 'n werklikheid bevestig en ervaar. Daarom is gereelde eredienstbywoning altyd belangrik.

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Formulier vir die aflê van geloofsbelydenis – kyk by www.nhka.org.

KOM ONS BEGIN

Open met Gesang 305: 4 as gebed.

*Heer, heilig ons steeds in u waarheid;
dié waarheid maak ons waarlik vry.
U Woord, in sy volkome klaarheid,
gee lig wat op die pad ons lei.
Deur duister nagte, helder dae,
is U die gids van ons geloof;
U rig ons na u welbehag
dat ons beleef wat U beloof. Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle die volgende ken of kan voltooi:

- Wie het my liggaam gemaak soos wat dit is? *God*.
- My liggaam is 'n *gawe* van God.
- God het mense *man* en *vrou* gemaak.
- Seksuele losbandigheid is *sonde*.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Wanneer julle in graad 11 kom, is julle in die finale of afrondingsjaar van julle katechese. Aan die einde van daardie jaar lê julle openbare belydenis van geloof af en word julle belydende lidmate van die Kerk. Julle kan dan saam met die res van die gemeente Nagmaal vier.

Wanneer 'n mens openbare belydenis van geloof aflê, antwoord jy voor die hele gemeente op vier vrae. Hierdie is meer as gewoon net antwoorde. Dit is 'n belydenis en 'n gelofte wat ons voor God aflê. Hierdie belydenis of gelofte gee ook vir ons sekere verantwoordelikhede teenoor God en die Kerk.

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING oor.

IETS BELANGRIK

Memoriseer Romeine 10: 9-10:

⁹As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. ¹⁰Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.

Beklemtoon die inhoud van hierdie sin, en verduidelik:

Ons katkiseer om ons *verhouding* met die Here net sterker en sterker te maak en uiteindelik te bely dat ons in Hom *glo*. Die Here het van sy kant af en doen steeds van sy kant af *alles volmaak* wat ons nodig het om *versorg, gered en getroos* te wees vir ewig en ewig.

IETS OM TE DOEN

Vul die regte woorde in die volgende sinne in:

- Ons katkiseer om ons *verhouding* met die Here net sterker en sterker te maak en uiteindelik te bely dat ons in Hom *glo*. Die Here het van sy kant af en doen steeds van sy kant af *alles* wat ons nodig het om *versorg, gered en getroos* te wees vir ewig en ewig.
- As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Want met die *mond* bely ons en ons word vrygespreek, en met die hart *glo* ons en ons word gered.

Sê of die volgende waar of vals is, en gee 'n rede vir jou antwoord:

1. Ons katkiseer omdat my ouers en grootouers ook gekatkiseer het.

WAAR	VALS
------	-------------

Ons ouers se katkisasie is nie die rede nie. God se liefde, versorging en verlossing is die rede.

2. Wanneer ek belydenis van geloof aflê, belowe ek aan God dat ek diensbaar sal wees in die Kerk en dat ek graag in die gemeente sal werk en so ook my deel doen.

WAAR	VALS
-------------	------

Een van die vrae waarop ons voor die gemeente "Ja" antwoord, is dat ons diensbaar sal wees in die Kerk en ander mense sal dien met die gawes wat God aan ons gegee het.

3. Ons moet elke dag 'n sekere klomp dinge doen om God se guns te wen en om die verlossing wat Hy aan ons gegee het, te verdien.

WAAR	VALS
------	-------------

Ons kry die verlossing sonder dat ons enigiets kan doen om dit te verdien. Ons kan dit net glo.

4. Nadat ek belydenis van geloof afgelê het, hoef ek nie meer te katkiseer (Bybelstudie te doen), of huisgodsdienste te hou of eredienste by te woon of Nagmaal te vier nie.

WAAR	VALS
------	------

Oral waar die Here se Woord, die Bybel, gebruik word om mense te laat glo, daar moet ons betrokke raak.

Ons moet gereeld –

- *stiltetyd of huisgodsdienste hou;*
- *Bybelstudie doen (voortgesette kategeese);*
- *eredienste bywoon; en*
- *Nagmaal kom vier.*

5. Die grootste verantwoordelikheid wat ons het as ons openbare belydenis van geloof gedoen het, is om getrou met die Here se Woord besig te bly.

WAAR	VALS
------	------

Jy bely dat jy in God glo: Daarvoor moet jy elke dag die Bybel gebruik. Jy belowe om –

- *aan te hou glo en jou te bekeer: Daarvoor moet jy elke dag die Bybel gebruik.*
- *die Kerk te laat groei: Daarvoor moet jy elke dag die Bybel gebruik.*
- *jou aan opsig en tug te onderwerp: Daarvoor moet jy elke dag die Bybel gebruik.*

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle ouers hulle help om die ontbrekende woorde te vind, dit in te vul en te leer (te vind by www.nhka.org).
 - **Bely** jy soos die kerk en saam met die kerk dat jy glo in *die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees* wat ons van die sonde en dood verlos het?
 - **Onderneem** jy om *by hierdie belydenis te bly*, jou voortdurend tot die Here te bekeer en steeds te bid dat Hy dit in jou volvoer?
 - **Belowe** jy om jouself *diensbaar te maak* en na die beste van jou vermoë en met toewyding *die groei en vooruitgang* van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en so van die een heilige algemene Christelike kerk, te bevorder?
 - **Belowe** jy ook om jou te *onderwerp* aan die kerklike opsig en tug?
- Die kinders moet hulle ouers gaan vra om vir hulle die inhoud van die vrae waarop lidmate antwoord wanneer hulle belydenis van geloof aflê, te verduidelik.

- Laat hulle 'n ouer boetie, sussie of vriend vra om hulle te help met die invul van die vrae in hulle boek oor die hoërskool.

LEER

Laat hulle die vrae oor die aflegging van openbare belydenis van geloof gaan leer.

AFSLUITING

Laat een van die kinders afsluit met gebed.